TERUGVOER : KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

NG Gemeente Oos-Londen

Die volgende menings is ingewin tydens ‘n gemeente byeenkoms op 7 November 2007. Ds. Dries Coetzee het opgetree as gespreksleier. Die dokument vir riglyne vir die Konsultasie oor Kerkhereninging is gedupliseer en vooraf aan lidmate beskikbaar gestel by ons oggenddiens.

DIE KONFESSIONELE BASIS

- Die 3 Belydenisskrifte van die kerk is voldoende. Belhar is nie nodig nie, aangesien die inhoud tog hanteer word in die 3 Belydenisskrifte.
- Die Belhar het ontstaan binne ‘n sekere konteks wat nie vandag meer dieselfde is nie.
- Hoe kan ‘n kerk ‘n Belydenisskrif hê, maar nie almal hoef dit te onderteken nie? ‘n Belydenisskrif sê tog waarin jy glo as kerk. As sekere lidmate dit nie onderteken nie, dan spreek dit juis nie van eenheid binne die kerk nie.
- Ons moenie toelaat dat Belhar in ons pad staan om een te word nie. Kom ons neem eers die besluit om te herenig en spreek dan verskille aan rondom sake soos Belhar. Ons moet in die eerste plek bid oor hierdie sake en vra dat die Here hierdie verskille sal oplos of uit die weg ruim. Ons bid dalk te min.

DIE MODEL

- Daar word wel gesê dat elke gemeente oor sy eie fondse en geboue (bates) besluite neem. Die Algemene Sinode besluit egter oor die saamstel van die Kerkorde. Die “Nuwe Algemene Sinode” moenie toegelaat word om kerkordelik die gemeentes se besluite oor hul eie geboue en finansies in te perk nie.
- Glad nie ten gunste van hierdie model en proses nie. Daar is politieke motiewe agter hierdie proses. Hoekom word daar nou al van bv. ‘n nuwe naam gepraat en ons is nou nog eers besig met die proses? Dit skep wantroue. Dit skep die idee dat die model eintlik reeds daar is en ons word maar eintlik net ingelig daaroor. Die proses rol voort ongeag ons opinie.
- Die proses moet meer ‘n natuurlike proses wees wat vanaf die grondvlak (gemeenteverband) plaasvind, sonder enige dwang van bo af.
- Dit wil voorkom of die Sinode baie geld het om te mors. Hoeveel geld kos hierdie proses? Hoeveel tyd is nie al in beslag geneem deur hierdie proses nie? Kom ons wees een kerk, maar elke gemeente bly soos hy tans is.
- Ons moet meer bid oor hierdie saak, in die besonder dat ons in hierdie proses sal ingaan met die regte motiewe en gesindhede.
- Ons moet meer tyd spandeer deur na God se wil te vra. Nie net vir hierdie proses en die breë kerk nie, maar ook vir die pad van ons gemeente.

- Ons moet eerder deel wees van die proses as om te onttrek en te sê ek wil niks daarmee te doen hê nie. Die proses is onafwendbaar en ons moet eerder deel wees daarvan en van binne 'n bydrae lewer en 'n verskil maak. Ons moet onsself die kans gee om deel te wees van hierdie proses. Ons moet dit prakties kan ervaar en dan kan ons met meer gesag sê wat werk en wat nie.
- Wat ons glo het niks te doen met velkleur of taal of kultuur nie, maar ek hoor en verstaan dit die beste in my eie taal (Afrikaans). Ek leef my geloof die beste uit in my moedertaal.
- Daar is by die Afrikaanse NG lidmate vrese vir die verlies van sekere waardes. Ons moet toesien dat waardes nie onder die mat in gevee word in hierdie proses nie.
- Daar is nie helderheid oor hoe die einddoel lyk nie. Daar moet meer gekommunikeer word oor hoe die eindpunt van die proses presies gaan lyk.

GESAMENTLIKE PROJEKTE

- Ons het nie 'n probleem met samewerkingsooreenkomste nie. Dit gebeur in elk geval alreeds op Ringsvlak.
- Die kerkraad moet leiding neem ten opsigte van samewerkingsprojekte, veral dat daar eensgesindheid onder lidmate is wanneer projekte aangepak word.

VERSOENING

- In beginsel is daar geen besware t.o.v. versoening nie.

MOONTLIKE NAAM VIR NUWE KERKVERBAND

Suider Afrikaanse Gereformeerde Kerk